

## LUKAS 16 (2) - IS JY GETROU?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.  
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Tema: BELONING – IS JY GETROU?**

**SKRIFVERWYSINGS IN HIERDIE LESING:**

**LUKAS 16:9** En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.

**LUKAS 16:10** Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig.

-o0o-

### LOON IN DIE HIERNAMAALS

**LUKAS 16:9** En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.

Jou loon om *die onregverdige Mammon* te gebruik is nie hierdie kant nie, want hy sê *sodat wanneer julle die lewe verlaat*.

- Hierdie loon wat julle gaan kry, sy oes en sy vrug, lê in die hiernamaals *wanneer julle die lewe verlaat*.

Die Bybel is baie duidelik daaromtrent. Hy sê maak *vir julle vriende deur die onregverdige Mammon*. Hulle, daardie vriende wat julle gemaak het, sal *jul in die ewige tente kan ontvang*. Ons praat nou van die millennium tyd.

#### i) CHRISTUS EN SY BRUID

Nou moet ons eers gaan kyk na die millennium. Wie gaan regeer en heers in die millennium tyd?

- Dit is Christus en Sy Bruid, maar ook,
- hulle wat deur die verdrukking kom.

Die Bybel is baie duidelik dat hulle, wat deur die verdrukking kom, daardie duisend jaar lank saam met Christus en Sy bruid gaan regeer. Dit sal net vir 'n duisend jaar lank wees. Dit hang van jou af waar jy gaan wees.

- Die uiteindelijke doel wat die Vader vir jou het,
  - jou opgroei in Christus,
  - jou vorming,
  - jou makingsproses in Christus Jesus hier op aarde ....
- is nie bekering nie.
  - Die uiteindelijke doel is dat almal Bruid van Christus Jesus word en wees.

As jy Bruid van Christus Jesus gaan word of wees, prys die Here daarvoor vir die wat regtig daarna streef. Julle gaan in die millennium tyd heers, maar julle gaan ook in die ewige tyd heers. Ons het dit in die Bruid Konferensie behandel.

-o0o-

## ii) GEEN WOONPLEK

- Die wat nie Bruid gaan wees nie, gaan net een geleentheid van regeringskap kry - dit is in die millennium tyd.
  - Jy kry net een kans.
  - Sou jy dit mis, mis jy alles.
  - Jy gaan dan nooit ooit die geleentheid kry om saam met Christus te heers nie. Nie eers in die millennium tyd nie.
  - Jy gaan ook nie 'n blyplek hê nie. Dit is dan wanneer jy sal moet rondhardloop en blyplek soek, omdat jy niks het nie.
  - Jy het niks, want jy het bymekaar gemaak waar mot en roes dit kan verniel.

Jy sal dan maar moet sien en kom klaar anderkant, want jy het dit nie. Ek gaan nie nou weer oor die tiende praat nie. Gaan werk gerus die lering deur. Die punt is net dat jy net een geleentheid gaan kry en dit is dit. Mis jy hom, dan mis jy hom. Jy moet dan maar sorg dat jy blyplek kry want jy gaan soos 'n bedelaar rondswerwe.

Die Bybel sê vir ons dat **wanneer julle die lewe verlaat, hulle**, daardie vriende van julle, **jul in die ewige tente kan ontvang**. Daardie vriende kan dan sê dat jy by hulle moet slaap, omdat jy dit en dit vir hulle gedoen het. Jy het miskien nie daardie tyd die volle prys betaal nie. Jy het dit miskien nie honderd persent reg gedoen nie, maar nou het jy nie blyplek nie, so jy kan by hulle kom bly.

## DIE VREUGDE VAN OM TE GEE

Mense dan wil ek net dit sê. As jy Bruid van Christus Jesus is, is dit die grootste genot om te gee. Vra maar vir die mense wat gee. Dit is geen moeite vir hulle nie.

- Dit is om God te eer met 'n blymoedige hart,
- want die Here sê dat Hy 'n blymoedige gewer lief het.

Nie bedelaar nie, maar gewer. Om Bruid te wees beteken dit dat jy deel is van die El Shaddai-eienskap van die Godheid. Jy het borste en jy soog. Hoe wreed sal 'n mamma wees as 'n babatjie en huil van honger en sy weier om vir hom bors te voed en melk te gee? Ek het al met sulke mammas te doen gehad.

Die Bruid het borste en die borste is vol melk, so dit is voorsiening. Daar is geen groter vreugde as om vir iemand, wat behoeftig is, iets te gee nie. Jy kan daarom duisend keer dankie sê vir so 'n persoon.

- Daardie genot kom nie uit 'n menslike mond nie.
- Dit word gegee met 'n tevredenheid in jou binneste.

Die van julle wat regtig 'n tiende gee en bydra met 'n ope hart, sal presies weet waarvan ek praat. Dit moet nie vir jou 'n straf wees nie. Dit moet vir jou 'n eer wees om te gee.

- Dit is daardie vrug wat ons nie hierdie kant kry nie.

Ons kry dit deur die onregverdige Mammon te gebruik om vir ons vriende te maak.

- Ons kan dit direk gee,
- deur 'n dankoffer,
- deur die tiende,
- deur mense of instansies, wat tot bekering kom, waar die koninkryk verkondig is.

Dit is waarom ons as bediening so versigtig is waar ons saai. Ons saai in wêreld organisasies wat ons weet baie groot werk vir die Here doen. Hulle weet nie eers wie ons is nie en ons weet ook nie wie hulle is nie. Ons ken net ten dele, maar eendag in die hiernamaals, sal ons alles weet en ken. Dit is

wanneer hulle na ons toe sal kom en dankie vir Mount Zion Ministries sal sê. Hulle sal vir ons dankie sê vir ons lede wat dit vir hulle moontlik gemaak het dat hulle Bybels kon kry in Indië, of 'n geestelike groep kon geborg het om sekere goed te doen.

- Die bydrae moet deur die huis gedoen word.
- Dit kan ook, byvoorbeeld, op straat gegee word, soos die Heilige Gees jou lei.
  - Nie soos die menslike behoeftes is nie,
  - maar soos die Heilige Gees jou lei om 'n dankoffer te saai.

Tiendes en dankoffers is verskillende vrug. Gaan bestudeer daardie lering.

- Wil jy in die millennium saam met Christus en Sy Bruid heers?
  - as jy nie Bruid is nie en jy kom uit die verdrukking uit,
- Of wil jy as Bruid vir Christus saam heers in die ewigheid?

Dan moet jy nie kla nie. Jy moet dan regtig begin gee en doen, want Hy sê hier ***Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang***

## WEES GETROU

**LUKAS 16:10** Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig.

Wat hy hier bedoel, het niks te doen met kleintjies en grotes nie. Dit het te doen met fisiese en geestelike.

- ***Hy wat getrou is in die minste***, in die vleeslike, sal ook getrou wees in ***die grote***, in die geestelike.

As jy die regte ding doen met die fisiese goed wat God vir jou gegee het, sal die Here ook vir jou die geestelike gee om te hanteer. Nou kan mense verstaan hoekom hulle geestelik arm is. Hulle lees Bybel, gaan kerk toe, maar hulle produseer nie. Hulle sit net die banke warm. Dit is soos ek altyd sê, dit help nie om net banke warm te sit nie.

- Jy het 'n bydrae om te maak.
- Jy het 'n verantwoordelikheid om na te kom.

Jy moet die evangelie verder vat as net by jou. Jy kan nie soos die Dooie See net stop nie. Jy moet soos die See van Galilea wees. Dit moet in jou kom, vrug dra en deur jou uitvloei na iemand anders toe. Dit is hoe ek en jy die evangelie ontvang het, deur al die millennia tot nou toe, vir twee duisend jaar. Ons het dit ontvang deur mense wat bereid was om dit te deel. Hulle was instrumente deur wie die evangelie kon vloei.

Hy sê in hierdie vers dat hy ***wat getrou is in die minste***, die fisiese, sal ook getrou wees met die geestelike.

- God kan nou die geestelike vir hom gee, want hy was getrou met die fisiese.

Dit is waarom ek nie sommer enige persoon saam met my op 'n uitreiking sal neem, as ek weet hy bring nie sy kant in die bediening nie. Hierdie Skrif sê vir my dat hy vir my 'n struikelblok daar buitekant gaan word. Hy gaan vir my moeilikheid gee. Ons het dit gesien met Bloemfontein se Vrymakingskursus. Ek het my hande vol gehad met 'n man wat nie daar moes gewees het nie. Dit was moeilikheid op moeilikheid, totdat ek hom letterlik weg gejaag het uit ons groep. Hy het homself net daar kom indruk en probeer oorneem. Hy was van heeltemal 'n ander bediening en was nie eers genooi nie.

As jy ***onregverdig is*** met die goed wat God vir jou gegee het, sal God nooit vir jou die Geestelike dinge gee nie. Dit sluit alles in op hierdie aarde. Geld, tyd, gebede, alles.

- Jy sal die geestelike nie kry nie en die gawes sal nooit deur jou funksioneer nie.

Jy kan daarvan vergeet, want dit staan geskrywe. Al probeer jy wat, dit staan hier geskrywe. Die satan sal hierdie Woord teen jou gebruik in die hemelse hof. God mag nie buitekant Sy Woord gaan nie, want dit is geskrywe. Al het jy hoe 'n mooi hart, al doen jy wat en al bid jy hoe lank. Dit maak nie saak nie.

- Dit gaan nie oor jou prestasie nie, dit gaan oor jou gehoorsaamheid aan die Woord van God.

Dit staan hier geskrywe dat as jy **onregverdig is in die minste**, sal jy in die geestelike, **die grote** ook onregverdig wees

## VALSE PROFESIE

Dit is wanneer mense geld begin maak uit gawes, valse profesieë en allerhande dinge omdat hulle dit in die vlees begin doen. Omdat mense in die vlees is en nie die Gees van God ken nie, hardloop hulle agter hierdie mense aan. Hulle word dan met 'n strik gevang. Môre, oormôre is hierdie ou se lewe verwoes. Ek weet waarvan ek praat.

Dit het in Israel gebeur oor een profesie, wat vir twee mense vals gegee is. Hierdie mense het agter die valse profesie aangestorm.

- Gelukkig het die een persoon dit verwerp, want hy het met my kom praat en vir my gevra hoe dit moontlik is.
- Die een man was 'n baie welaf plaasboer onder in die suide. Hy het vier plase gehad. Dit word toe vir hom geprofeteer dat hy die plase moet verkoop en 'n Lodge in 'n sekere area moet koop. Volgens hulle wou die Here hom daar by die Lodge gebruik. Hy moes 'n Lodge eienaar word. Die man het na my toe gekom en gevra hoe dit moontlik is, want hy het niks van die Lodge bedryf af geweet nie. Hy was nog sy lewe lank 'n plaasboer gewees. Min het ek geweet dat hierdie Lodge eienaar, wie ons almal geken het, 'n beloning belowe het vir die persoon wat sy Lodge vir hom kon verkoop. Ek het vir hom dadelik gesê dat hy dit moet afskiet.
- Die ander persoon het presies dieselfde woord gekry. Hy moes terugkom na Namibië toe en alles wat hy gehad het, verkoop. Hy moes hulle gaan help met hulle besigheid in Israel. Hy het dit gedoen. Ek het hard met hom gepraat, maar hy wou nie hoor nie. Daardie jong man sukkel vandag nog. Dit was in 2014, elf jaar gelede. Hy sukkel tot vandag toe. Hy het getrou en geskei. Daardie man kom net nie reg nie. Ek hoop en vertrou regtig dat die Here vir hom 'n ommeswaai in sy lewe sal sodat hy weer 'n kans gegun sal word. Dit is maar 'n moeilike ding, maar mense wil nie hoor nie.

Die punt is net, **hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig**. Die Here sal jou nie met dit toevertrou nie.

-o0o-

## Interessante Inligting – EL SHADDAI

**El Shaddai** is een van die name van God in die Ou Testament wat Hom openbaar as die Almagtige en Algenoegsame God. Die naam beklemtoon God se krag en Sy vermoë om te voorsien.

Hier is die belangrikste eienskappe van El Shaddai:

- **Almagtig (God die Almagtige):** Dit word dikwels vertaal as "God Almighty". Dit dui daarop dat God oor onbeperkte krag beskik en dat niks vir Hom onmoontlik is nie.

-o0o-

- **Algenoegsaam (Meer as genoeg):** El Shaddai beteken ook "die Algenoegsame Een". Dit beklemtoon dat God alles is wat nodig is, Hy voed, bevredig en vul alle leemtes met Sy krag en voorsiening.
- **Skepper en Onderhouer:** Dit hou verband met God as die Skepper (Elohim) wat die lewe onderhou en koester, dikwels vergelyk met 'n moeder wat haar kind voed.
- **Die Verbondsgod:** Die naam is vir die eerste keer aan Abraham geopenbaar (Genesis 17:1) om hom te verseker van God se getrouheid aan Sy beloftes, selfs toe dit natuurlik onmoontlik gelyk het.
- **God van die Berg:** Sommige vertolkings dui daarop dat dit verwys na "God van die Berg" (gebaseer op die Akkadiese "Shadum"), wat Sy sterkte en onbeweeglikheid simboliseer.
- **Beskermer en Wysheid:** El Shaddai word beskou as die meester in wysheid, beskerming en krag.

In kort, El Shaddai openbaar God as die kragtige bron wat alles voorsien wat Sy kinders nodig het om in geloof te wandel.

-oOo-

## El Shaddai

From Wikipedia, the free encyclopedia

**El Shaddai** (**Hebrew**: אל שדי, **romanized**: *ʿĒl Šadday*; IPA: [el ʃadːaj]) or just **Shaddai** is one of the [names of God in Judaism](#). *El Shaddai* is conventionally translated into English as *God Almighty*, into Latin as *Deus Omnipotens*.

*El* means "God" in the [Ugaritic](#) and the [Canaanite languages](#).

### Occurrence

Third in frequency among divine names,<sup>[8]</sup> the name *Shaddai* appears **48** times in the [Bible](#), seven times as *El Shaddai* (five times in [Genesis](#), once in [Exodus](#), and once in [Ezekiel](#)).<sup>[9]</sup>

The first occurrence of the name comes in [Genesis 17:1](#), "When [Abram](#) was ninety-nine years old the Lord appeared to Abram and said to him, 'I am El Shaddai; walk before me, and be blameless,'"<sup>[10]</sup> Similarly, in [Genesis 35:11](#) God says to [Jacob](#), "I am El Shaddai: be fruitful and multiply; a nation and a company of nations shall be of thee, and kings shall come out of thy loins." According to [Exodus 6:2–3](#) *Shaddai* was the name by which God was known to [Abraham](#), [Isaac](#), and [Jacob](#).

In the vision of [Balaam](#) recorded in the [Book of Numbers](#) 24:4 and 16, the vision comes from Shaddai, who is also referred to as *El* ("God") and *Elyon* ("Most High").

The name *Shaddai* is often used in parallel to *El* later in the [Book of Job](#), once thought to be one of the oldest books of the Bible, though now more commonly dated to a later period.<sup>[14][15]</sup>

The [Septuagint](#) often translates *Shaddai* or *El Shaddai* just as "God" or "my God", and in at least one passage ([Ezekiel 10:5](#)) it is transliterated ("θεὸς σαδδαΐ"). In other places (such as [Job 5:17](#)) it appears as "Almighty" ("παντοκράτωρ"), and this word features in other translations as well, such as the 1611 [King James Version](#).

-oOo-